

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Julie 2011

Die Heer is voor jou om jou pad gelyk te maak,
die Heer is langs jou om jou op koers te hou,
die Heer is onder jou om jou te dra as jy val,
die Heer is binne jou om jou te inspireer.
Die Heer is rondom jou om jou te beskerm,
die Heer is bo jou om jou te seën.
So seën ons God Drie-enig, Vader, Seun en Gees,
jou van nou af tot in alle ewigheid. Amen.

Vader-Seun-Gees

Lees binne...

- Die betekenis van drome – 1
- Werk ons demokrasie? – 3
- Hoe verstaan ons die duiwel? – 3
- Derde sendinguitreik uit VSA – 4

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Die betekenis van drome (Dr Jaco Naudé)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
Vader-Seun-Gees
Dit is nou genoeg (Hennie Kriel)
- Bl 3 **Aktuele sake**
Werk ons demokrasie? (Dr Ben du Toit)
Hoe verstaan ons die duiwel?
- Bl 4 **Kerkwêreld**
'n Nuwe Suid-Afrikaanse geloofsbelydenis (Dr Douglas Bax en ds Etienne Fourie)
Derde sendinguitreik uit VSA
- Bl 5 **Kerkwerf**
Die Kerk, die toekoms en waagmoed (Ds David Barnard)
Roedtan 50 jaar (Ds Thys Redelinghuys)
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Afsterwe van dr JJ Steenkamp (Dr Fanie Pretorius)
Huldigingsbundel van HTS beskikbaar (Dr Wouter van Wyk)
Beroepe aanvaar
So glo ek (Dr Gafie van Wyk)
Jesus het fisies opgestaan (Ds Gawie Wolmarans)
Daaroor gaan die evangelie (Oudl Attie Smit)
- Agterblad **Oordenking**
Vrygespreek deur die drie-enige God (Ds Carl Potterill)

Vader-Seun-Gees

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf: Die kerk se belydenis oor die Drie-eenheid van God is 'n poging om die misterie van God vir ons te verduidelik. Daarmee wil die kerk nie noodwendig iets sê oor Wie God is nie maar eerder hoe God is. Die beeld van water was nog altyd een van die maniere om hierdie misterie vir ons verteerbaar te maak. Net soos water in drie verskillende vorms kan voorkom, naamlik vloeistof, stoom en ys, en tog in wese dieselfde bly, so leer ons dieselfde God op drie verskillende maniere in die Bybel ken.

Die uitstorting van die Heilige Gees het volgens Handeling 2 met die geluid van wind en tonge van vuur gepaard gegaan. So is God ook in die tuin van Eden in die vorm van wind teenwoordig en het God met Moses gepraat uit 'n brandende bos. In die Nuwe Testament kom die beeld van God as Vader sterk na vore, maar Psalm 103 praat ook van God wat Hom soos 'n vader ontferm oor dié wat Hom dien. Jesus Christus as Seun van God het vir ons die genadige en liefdevolle kant van God kom wys. Maar dit is dieselfde God wat telkens voor begin met mense soos wat ons in die verhale van Noag, Abraham en die geskiedenis van Israel sien.

Die betekenis van drome

Dr Jaco Naudé, 'n kliniese sielkundige, vra of God vandag nog in drome na die mense toe kom. Die Bybel beskryf soms drome as 'n medium waardeur God mense ontmoet het. Dit is nie altyd duidelik of 'n werklike droom met só 'n openbaring beskryf word en of dit 'n ontwerp van die skrywer is om op sy eie wyse 'n ontmoeting tussen God en mens uit te druk nie. 'n Mens moet telkens in die lig van die teksgeskiedenis en tekskritiek van die Bybel verskeie moontlikhede oorweeg. So kan die Ou-Testamentiese drome van Josef op ten minste drie wyses geïnterpreteer word. In die eerste plek kan dit 'n openbaring van God wees wat vir Josef die verloop van sy lewe aandui. Tweedens kan dit ook uitdrukking van wensvervulling wees. Derdens kan dit 'n ontwerp van die skrywer wees om die ontvouing van sy verhaal te ondersteun. Die mate waarin 'n fundamentalistiese teologie gehandhaaf word, sal die interpretasie van die droom beïnvloed.

Vir die kliniese sielkundige is drome produkte van die diepste deel van die mens se brein. Dit hou nie verband met ontmoeting met God of ontslape geliefdes nie. Die droomsimbole hou verband met die dromer se eie psigiese lewe, soos wensvervulling, onvoltooide temas, oplossing van probleme en antisipasie van toekomstige probleme. Drome is deel van die dromer se eie subjektiewe interaksie met die wêreld waarin hy elke dag leef en werk. Dit is intense materiaal wat met respek en sensitiwiteit ontleed en benut moet word om die lewenskwaliteit van die persoon te verryk.

Aktuele sake

Dr Ben du Toit, direkteur van kommunikasie van die NG Kerk Sinode van Wes- en Suid-Kaap, sê dat ons waarskynlik met die onlangse plaaslike verkiesing die eerste hoopvolle tekens gesien het van 'n konstitusionele demokrasie wat begin funksioneer. Kenners meen dat die stemme wat die ANC verloor het, eerder toe te skryf is aan 'n wegblystem as aan die feit dat ANC-ondersteuners oorgegaan het na steun vir die DA. Om die ANC te straf vir duidelike tekens van wanbestuur, ondoeltreffende dienslewering en beskuldigings van korrupsie, sal kiesers liever hul stem weerhou as om vir 'n ander party te stem.

Die verhoogde stempersentasie beteken dat meer mense vir die DA gestem het as voorheen, terwyl daar 'n groter ANC-afwesige stem was as ooit tevore. Ten spyte van die diepe lojaliteit aan die bevrydingsparty, was daar tog 'n groter vloeibaarheid weg van die ANC na ander partye as ooit voorheen. Dit is relatief duidelik waar die DA meer steun verwerf het binne sterk ANC-gebiede, terwyl daar duidelik 'n sterk ANC-verkiesingsveldtog gevoer is.

Nog nooit voorheen het brood-en-botter-sake so 'n oorheersende rol in 'n verkiesing by ons gespeel nie. Dienslewering is 'n dominante emosionele saak en raak almal daaglik. Die krisis rondom onderwys, gesondheidsorg en die groeiende armoedekultuur beteken net een ding: Ons kan van die politieke partye verwag dat hulle hierdie uitdagings skouspelagtig sal benader in die volgende twee jaar.

Die rol van die burgerlike samelewing blyk al hoe belangriker te wees. Christene behoort daarom *elke* geleentheid aan te gryp om 'n positiewe invloed op die regeerders (op alle vlakke van die politieke sisteem) uit te oefen. Hulle moet hul stemme oor belangrike sake op munisipale vlak voortdurend laat hoor. Dit beteken ook om voorbeding vir verkose leiers te doen én hulle tot verantwoording te maan ter wille van gehaltdienslewering wat regverdigheid vir almal verseker.

Tydens die behandeling van dr Gert Malan se boekie *Die Ons Vader-gebed* (Les 16) met die oog op vanjaar se Bybelvasvra, het lidmate navraag gedoen oor die outeur en die Hervormde Kerk se siening(s) oor die bestaan van die duiwel. Was/is die duiwel/Satan bloot 'n mitologiese figuur, of het hy werklik bestaan?

Dr Malan verduidelik dat die boekie sy eie standpunt wat deur baie Nuwe-Testamentici en predikante van ons Kerk en ander kerke regoor die wêreld gedeel word, bevat. Indien iemand baie graag steeds in die bestaan van die duiwel wil glo, staan dit hulle vry. So 'n verstaan word dan gebaseer op 'n baie letterlike verstaan van die Nuwe Testament sonder om die ontwikkeling van die demonologie uit die Zoroasterisme in aanmerking te neem. 'n Mens hoef nie die bestaan van die duiwel te erken om in God te glo of die verlossing te aanvaar nie. Dit is 'n randsaak. Lesers kan dus self besluit en behoort minstens kennis te neem daarvan dat hulle so 'n opsie het.

Gedurende 2006 het dieselfde kwessie tot 'n debat in *Die Hervormer* gelei. In die uitgawe van 15 Oktober 2006 is uit die destydse redakteurskantoor daarop gewys dat noukeurige Bybellesers sal beseft dat die duiwel alles behalwe eenvormig en eenstemmig voorgestel word. Navorsers het oortuigend daarop gewys dat Israel voor die ballingskap in 586 vC nie so iets soos 'n duiwel of 'n Satansfiguur geken het nie. Die oorsprong van goed en kwaad lê by God (2 Sam 24: 1). In die na-ballingskapsliteratuur is die Satansfiguur die een wat mense verkeerde keuses laat maak (1 Kron 21: 1). In die tussen-Testamentêre tyd kom die verhale die eerste keer na vore van die (bose) duiwelsfiguur wat as engel van God teen God in opstand kom en uit die hemel gewerp word.

Dit sou waarskynlik veiliger wees om te sê dat die Bybel gelowiges waarsku teen die mag van die bose wat sterker is as enigiets waarteen die mens kan stry – of jy dit dan nou die duiwel of die Satan of die sonde of wat ook al wil noem. Die Bybel is daarvoor duidelik genoeg dat die boosheid in die mens self lê en dat jy as mens voor God skuldig staan vir wat jy verkeerd doen en daarvoor deur God tot verantwoording geroep sal word.

Kerkwerf

Lees ook berigte oor **die afgelope Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT)**, **Gemeente Roedtan** wat vanjaar 50 jaar oud is, die huldigingsbundel van die **HTS Teologiese Studies** wat aan prof Andries van Aarde oorhandig is, ses predikante wat **beroepe aanvaar** het, en die tragiese afsterwe van **dr Johan Steenkamp**.